

Die Burger  
16/7/09  
**WAT IS  
AAN DIE GANG**

**Toneel**

**I am my Own Wife**  
Baxter-ateljeeteater,  
Rondebosch.

★★★★★

Volmaak. 'n Kragtoer sonder weerga. 'n Hoogtepunt in 'n loopbaan van 30 jaar waarin sy getal pryse en toekennings net oortref word deur sy merkwaardige vertolking van vele ander klassieke en moderne karakters, waaronder Bessmertny in *Sarcophagus*, Song Liling in *M. Butterfly*, Alan Strang in *Equus* en Shylock in *The Merchant of Venice*.

Dit is Jeremy Crutchley in *I am my Own Wife*, Doug Wright se aangrypende toneelstuk oor Charlotte von Mahlsdorf, oftewel Lothar Berfelde, 'n Duitse transvestiet wat sowel die Tweede Wêreldoorlog as die kommunistiese tydperk in Oos-Berlyn op spreekwoordelike hoë hakke oorleef het.

In die loop van die stuk speel Crutchley bykans 40 ander karakters namate die vreemde dog meesleurende verhaal van Charlotte se lewe ontvou. Eers as dié stuk van sowat twee uur klaar is, besef jy hoe naatloos Crutchley van die een in die ander inbeweeg het – met 'n gesigsuitdrukking, 'n handgebaar, 'n infleksie van sy veelsydige stem.

Die Duitse aksent en woorde-skat wat hy as Charlotte inspan, is fyn en presies in die kol, wat op sy beurt weer daartoe lei dat 'n mens se mond oophang as hy 'n ander karakter uitbeeld wat swak Duits praat met 'n swaar Texas-aksent, of selfs waar hy die skrywer vertolk waar hy Duits leer praat. Aan Crutchley se talent is skynbaar geen einde nie.

Meer nog, Crutchley se intieme en onderbeklemtoonde vertolking van Charlotte von Mahlsdorf, gesteun deur 'n puik uiteengesette teks, prikkel die nuuskierigheid omtrent dié besondere mens en noop jou om meer omtrent haar en



Jeremy Crutchley in 'n toneel uit *I am my Own Wife*.  
Foto: HAROLD GUESS

die tydperk waarin sy gelewe het te probeer uitvind. (Daar word verwys na "haar", want dis hoe sy aan haarself gedink het.)

Die teks is só goed saamgestel dat wanneer donkerder aspekte van haar karakter ná die pouse na vore kom, waaronder haar beweerde sameswering met die gehate Oos-Duitse geheime polisie, die Stasi, voel jy algeheel verskeurd, want jy het só van haar gehou voordat dit aan die lig gekom het. Op die ou einde besef jy egter dat 'n mens in elk geval nie kan oordeel nie, want jy weet nie hoe jy in dieselfde omstandighede sou opgetree het nie.

Namate die stuk vorder, is jy later nie meer seker hoeveel van die feite omtrent haar lewe is waar en hoeveel daarvan is gefabriseer om dit vir haarself en haar gehoor meer verteerbaar te maak nie. Al wat jy weet, is dat sy geglo het wat sy vertel het. En selfs met die feite tot jou beskikking, besef jy dat jy nog net die boonste lagie van hierdie komplekse mens se lewe ontsyfer het.

Dis bykans ondenkbaar dat 'n mens vanjaar iets op die Kaapse verhoë gaan sien wat hierdie stuk en Crutchley se spel daarin kan ewenaar.

Moet dit dus nie misloop nie – dis die verhaal en vertolking van 'n leeftyd.

MARINA GRIEBENOW

■ Tot 1 Augustus.